DEEL 118 | WEEK 26 | 26 JUNIE 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Ngwathe onder administrasie geplaas:

## *Gemeenskap eis aanspreeklikheid en beter dienslewering*




*Dr. Solly Motingoe wat Ngwathe se administrateur-span sal lei. (Foto geleen Parys Gazette)*

Ná jare van regsaksies, diensleweringskrisisse en politieke onsekerheid het die Vrystaatse Provinsiale Regering begin met die implementering van die hofbevel wat die ontbinding van die Ngwathe Munisipale Raad voorskryf.

Die jongste ontwikkeling volg nadat die Grondwetlike Hof die munisipaliteit se laaste poging om teen die uitspraak van die Vrystaatse Hooggeregshof te appelleer, van die hand gewys het. Daarmee is die regsproses finaal afgehandel en is die pad oopgemaak vir provinsiale ingryping ingevolge Artikel 139 van die Grondwet.

Tydens 'n vergadering met die politieke en administratiewe leierskap van Ngwathe het die LUR vir Samewerkende Regering, Tradisionele Sake en Menslike Nedersettings, Mnr. Saki Mokoena, die volgende fase van die ingryping uiteengesit en Dr. Rapulo Solomon (Solly) Motingoe as administrateur bekendgestel.

Dr. Motingoe is deur die Vrystaatse LUR vir COGTA aangewys om die Artikel 139(5)-ingryping in Ngwathe te lei. Hy bring meer as 22 jaar ondervinding in plaaslike regering en die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (COGTA) saam, waar hy in verskeie bestuurs- en administratiewe hoedanighede gedien het.

Hy beskik oor 'n PhD van die Noordwes Universiteit, met sy doktorale navorsing wat gefokus het op monitering- en evalueringstelsels in die openbare sektor.

Motingoe sal nou toesig hou oor die herstel van administratiewe stabiliteit, finansiële bestuur, aanspreeklikheid en dienslewering binne die munisipaliteit. Sy aanstelling word deur baie inwoners as een van die belangrikste stappe tot dusver beskou in die poging om Ngwathe weer op koers te kry.

Die hof het reeds bevind dat Ngwathe oor 'n lang tydperk versuim het om sy grondwetlike verpligtinge teenoor inwoners van Heilbron, Parys, Koppies, Vredefort en Edenville na te kom. Probleme soos wateronderbrekings, rioolstortings, vervalle infrastruktuur, swak finansiële bestuur en toenemende skuld het gelei tot die ingryping.

Volgens die hofbevel moet die provinsiale regering nou 'n herstelplan implementeer, die munisipaliteit se finansies stabiliseer en toesien dat basiese dienste herstel word. Die administrateur sal gedurende hierdie proses uitgebreide bevoegdhede hê om die munisipaliteit weer funksioneel te maak, insluitend die beheer van begrotings, finansiële bestuur, diensleweringstoesig en administratiewe besluitneming.

'n Belangrike vraag onder inwoners is hoe lank die administrasie sal duur. Hoewel die presiese tydperk nog nie amptelik bevestig is nie, sal die ingryping voortduur totdat die herstelplan suksesvol geïmplementeer is en die provinsiale regering en hof tevrede is met die stabilisering van die munisipaliteit. Gereelde verslagdoening aan die hof sal ook deel van die proses vorm.

Nog 'n belangrike verandering is die rol van die raad. Met die ontbinding van die Ngwathe-raad word alle uitvoerende en wetgewende bevoegdhede oorgedra aan die administrateur en sy span, wat nou verantwoordelik is vir die funksionering van die munisipaliteit.

Gemeenskapsreaksie op die ontwikkeling is gemeng. Sommige inwoners verwelkom die ingryping en meen dit is lankal nodig ná jare van swak dienslewering en finansiële wanbestuur. Ander sê die fokus moet nou verskuif na die herstel van water-, elektrisiteits- en riooldienste wat al lank onder druk is.

Vir inwoners van die Ngwathe-gebied is die aanstelling van Dr. Motingoe en die begin van die administrasieproses moontlik die belangrikste keerpunt in jare. Die groot vraag bly egter of hierdie ingryping die langverwagte verbetering in dienslewering en bestuur sal bring.

Met die regsgeveg nou finaal afgehandel, is alle oë op die nuwe administrasie gerig om te bewys dat Ngwathe se verval hopelik omgekeer kan word en dat dienslewering weer die eerste prioriteit sal wees.









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## Sterk beteken nie stil:

### *Mans en geestesgesondheid (Manlike Gesondheidsmaand)*

• *Elmarie Els-Hammann*



Junie is Manlike Gesondheidsmaand, ’n belangrike tyd om bewustheid te skep oor die algehele welstand van mans—nie net fisies nie, maar ook geestelik en emosioneel. In baie gemeenskappe bly mans se geestesgesondheid ’n stil onderwerp, waar pyn dikwels weggesteek word agter die verwagting om “sterk te wees”. Hierdie stilte dra by tot ernstige uitdagings soos depressie, angs, verslawing en in sommige gevalle selfmoord.

Van jongs af word baie seuns geleer dat emosies soos hartseer, vrees of onsekerheid nie gepas is vir mans nie. Uitsprake soos “’n man huil nie” of “hou op kla” skep ’n kultuur waar emosionele uitdrukking onderdruk word. Hierdie idee van “sterk wees” beteken dikwels eerder om stil te bly as om hulp te vra, wat oor tyd tot emosionele ophoping en innerlike spanning lei.

Die druk op mans om altyd sterk te wees is groot. Baie mans voel verantwoordelik vir hul rol as broodwinner, beskermheer en stabiliserende figuur in die huis. Wanneer lewensuitdagings soos werkloosheid, finansiële stres, verhoudingsprobleme of trauma voorkom, internaliseer baie mans hul gevoelens eerder as om daaroor te praat. Dit kan lei tot isolasie en ’n gebrek aan ondersteuning wanneer dit die nodigste is.

Depressie en angs by mans word dikwels nie maklik herken nie, omdat dit nie altyd as uiterlike hartseer voorkom nie. Dit kan eerder manifesteer as prikkelbaarheid, woede-uitbarstings, onttrekking van familie en vriende, verhoogde alkoholgebruik, slaapprobleme of verlies aan belangstelling in werk en aktiwiteite wat voorheen betekenisvol was. In ernstiger gevalle kan onbehandelde geestesgesondheidsprobleme tot gevaarlike gedrag of selfmoord lei.

Kenners beklemtoon dat mans dikwels laat of glad nie hulp soek nie weens stigma, skaamte of die vrees om swak te lyk. Dit maak vroeë bewustheid en gemeenskapsopvoeding baie belangrik. Geestesgesondheid is net so belangrik soos fisiese gesondheid, en hulp soek is nie ’n teken van swakheid nie, maar van moed en selfbewustheid.

Daar is egter baie hulp en ondersteuning beskikbaar in gemeenskappe. Mans word aangemoedig om gebruik te maak van plaaslike klinieke en hospitale vir sifting en behandeling. Maatskaplike werkers, beraders, sielkundiges en psigiatriese dienste kan verdere ondersteuning en behandeling bied. Gemeenskapsorganisasies, kerke en ondersteuningsgroepe speel ook ’n belangrike rol om veilige ruimtes te skep waar mans kan praat en ondersteuning ontvang. Selfs ’n eenvoudige gesprek met ’n vertroude persoon kan die eerste stap na herstel wees.

**Hulp vir geestesgesondheid**

Indien iemand emosioneel oorweldig voel, sukkel met depressie of angs, of voel dat hulle nie meer kan *cope* nie, is dit belangrik om hulp te soek. Gaan na jou naaste kliniek of hospitaal vir hulp en verwysing. Praat met ’n maatskaplike werker of berader, of kontak geestesgesondheidsdienste vir professionele ondersteuning. Ondersteuningsgroepe en betroubare persone in die gemeenskap kan ook ’n waardevolle eerste stap wees. In ’n krisis moet hulp onmiddellik gesoek word—moenie alleen bly met hierdie gevoelens nie.

Manlike Gesondheidsmaand herinner ons dat ware sterkte nie in stilte lê nie, maar in eerlikheid, kwesbaarheid en die moed om hulp te vra. Wanneer mans begin praat en ondersteuning aanvaar, kan genesing begin en gemeenskappe sterker word.

## UIT DIE PEN: Week 26



Konferensies is op sy beste ’n lang storie met baie stories. Veral as daar ’n klomp akademici is wat hulle navorsing kom voorlê. Daar is veranderlikes, konstantes, afwykings, koëffisiënte, lyngrafieke, staafgrafieke, sirkelgrafieke. oppervlakgrafieke, verstrooiingsgrafieke en so kan ek aangaan. Dis wat akademici gebruik om hulle stories aan ander akademici te vertel.

Maar ek is nie ’n akademikus nie. Ek is ’n doodgewone mens wat in my lewe seker nie met al hierdie grafieke gekonfonteer gaan word nie.

Met ons besoek aan Lesotho het ons ’n oordaad van akademiese artikels gekry. Sommige meer interessant as die ander. Met allerhande ingewikkelde grafieke.

Die interesantste voorlegging was die een waar daar geen grafieke was nie. Die spreker was op die man af en het nie kortpad gevat met ’n bibliografie en die navorsingsmetodologie nie. Hy het gesê wat gewerk het en wat nie gewerk het nie. En almal het verstaan.

Na afloop van al die formele voorleggings het ons ’n geleentheid om die omgewing te sien. Daar is drie opsies: Om na ’n 192 m hoë waterval te gaan kyk, na ’n cultural village te gaan kyk of om Maseru te sien. Jy moes een kies en kon nie registreer vir die konferensie sonder een van bogenoemde nie.

Ons kies die Maserutoer omdat ons vliegtuig om 16:30 sou vertrek.

Ons vertrek omtrent ’n uur laat. Die toergids is ’n Lesotho-inwoner. Die bus is luuks. Ons elkeen kry ’n pakkie met ’n warmbottel, teesakke, koffiesakkie, maar geen warm water. Daar is suiker vir die dinkgoed maar geen melk. Verder is daar ’n bloedrooi appel, lekker piesang, ’n botteltjie handskoonmaker, vier lekkertjies, ’n pakkie rosyne en grondbone en ’n pakkie soutkoekies. Vir die wis en die onwis is daar ’n bottel koue water. ’n Regte *care pack*.

Die eerste stop is die parlementsgebou. Ons kyk van buitekant af na die vierkantige gebou sonder frille en draaitjies. Die gebou is in 2012 deur die Chinese gebou en ek dink dis wanneer die gebou sy laaste laag verf gehad het. Ons stap rondom die gebou en sien die verval. Selfs dele van die staal wat gebruik word, begin roes.

Agter die gebou is nog ’n gebou opgerig met ’n gangetjie wat die twee verbind. Die nuwer gebou is mooi en dele van die mure is met sandsteen gebou.

Let’s appreciate our beautiful sandstone, sê die toergids.

Ons mag net van voor af, en buite die grense van die gebou fotos neem, Glad nie van die agterkant nie. Dalk is daar te veel verf wat afskilfer, dink ek.

Ons toergids kry toestemming dat ons die gebou mag betree. Ons stap tot in die parlementskamer. Die nasionale vergadering bestaan uit 128 setels. Die speaker se groot stoel is groen opgestop en voor sy stoel is daar drie ander groot stoele.

Wanneer die parlement in sitting is, word ’n groot, goue septer in die gebou ingebring. Dit word op die tafel voor die drie stoele gesit.

Die regering en die opposisie sit oorkant mekaar in die vertrek. Die eerste stoel aan die linkerkant is vir die eerste minister. Daar is banke in die middel van die vertrek vir diegene wat nie deel is van die regering nie, en ook nie deel is van die opposisie nie. Die pers het ook hulle eie gallery met vensters waardeur hulle kan kyk.

By die tafel waar die drie persone sit is die Hansardverslae. Maar dit dateer net tot in 2005 en glad nie in numeriese volgorde nie. Ek moes myself bedwing want ek wou dit so graag vir hulle regpak.

Daar is ’n permanente tolk wat alles in gebaretaal vertaal.

In die middel van die vertrek is ’n reuse tafel met twee kissies. Volgens die gids bevat dit die Bybel, die grondwet en ander dokumente. Maar ons mag dit nie oopmaak nie. Die handvatsels van die twee kissies is olifantkoppe.

Binne-in die vertrek is al die ligte aan, maar in die gange wat tot in hierdie kamer lei is jy gelukkig as daar ’n lig is wat werk.

Wanneer die koning in die parlement is, word sy stoel spesiaal ingedra en hy kry ’n ereplek. Hy kom net na die parlementsitting toe na afloop van ’n verkiesing.

Ek stap sonder enige seremonie tot by die speaker se stoel. Ek gaan sit eers, en toe ek opstaan sê ek: “I now declare this session open.”

Ek is verbaas oor die wonderlike akoestiek want my stem dra ver. Soos een man reageer my mede-toerlede: “Yes, madam speaker!”

Ek is baie seker dat dit net ek is wat met so iets sou wegkom. Wie sit nou op die speaker se stoel?

Die geselskap is weer terug in die bus en ons sien die paleis van Koning Letsie III, die mooi huise wat in die ou Maseru West gebou is. Nou heet dit “Maseru Best”. Kyk, sê die toergids, hierdie wat deftige huise want die huise het twee skoorstene gehad.

Ons stop om die uitsig te bewonder. Langs hope rommel. Maar die Lesotho-nasie is trots. In Maseru lyk dit anders: die strate is skoon.

Hulle is trots op hulle nuwe verkeerssirkel wat onlangs gebou is. Hulle is trots op hulle dorpsplein waar daar kunswerke van hulle konings (en een koningin!) is. Daar is ook ’n klein monument met die name van almal wat in die eerste- en tweede Wêreldoorlog omgekom het.

Terug by die lughawe sien ons ’n handvol weermagmanne, mooi *opgedress*.

“Why are these people here?” hoor ek iemand vra.

“Maybe it is someone important,” antwoord ’n ander burger net voordat 17 van ons in die klein vliegtuigie klim.

Dit maak nie saak of jy as ’n gewone mens of as ’n “important” mens dié land besoek nie. Almal word met dieselfde nederigheid en trots behandel.

Al word jy as “Madam Speaker” aangespreek.



# Die Riemland Tuingids feestelik bekendgestel

Vir Heilbron Huis- en Tuinbouklub was Saterdag, 20 Junie 2026, ’n besonderse en trotse mylpaal. Met groot opgewondenheid is Die Riemland Tuingids amptelik bekendgestel, terwyl dames van omliggende dorpe die geleentheid bygewoon en saam in die feesvreugde gedeel het.




Hierdie omvattende tuingids is spesiaal saamgestel vir die unieke toestande van die Riemland en geskryf deur ervare Heilbron-tuiniers. Die gids bied praktiese plaaslike kennis en beproefde wenke – van grondvoorbereiding en plantkeuses tot die versorging van bome, groente, grasperke en ’n handige maand-tot-maand tuinkalender.

’n Hoogtepunt van die dag was die inspirerende praatjie deur Welma Jurgens van Protek, wat waardevolle raad gedeel het oor hoe om jou “ou tuin” weer nuwe lewe te gee. Haar boodskap was eenvoudig maar treffend: ’n Tuin is nooit te oud om mooi gemaak te word nie.

**Onder haar praktiese wenke was:**

- Maak struike en bome ligter deur ou en oortollige takke te verwyder.
- Gee aandag aan grondgesondheid deur kompos en die regte voedingstowwe te gebruik.
- Beplan die regte tyd vir uitplant en help plante om sterk wortels te vestig.
- Voeg kleur en nuwe energie by jou tuin met plante en kreatiewe elemente.
- Gebruik dekor en persoonlike aanrakinge om jou tuin karakter te gee.

Die dag is verder afgerond met produkte van plaaslike uitstallers en heerlike smullekker eetgoed, wat die geleentheid in ’n warm en gesellige ervaring omskep het.

Die Riemland Tuingids is beskikbaar teen R450 per eksemplaar. Bestellings kan gestuur word na Mari Myburgh by 082 413 6071 of stuur 'n e-pos na heilbron.tuinbouklub@gmail.com.

’n Dag van inspirasie, kennisdeling en die viering van die skoonheid van tuinmaak sal nog lank onthou word.





*Op die foto agter vl: Elbie Els, Carol Snyman, Erika Piater, Georgina Weiss, Mari Myburgh en Sannetjie Lombard. Voor vl: Marion Cilliers (Grafiese Ontwerper), Zeldine Roos, Magda Piater en Joanita Claasen. (Afwesig: Marisa van Rooyen)*



*Op die foto Mari Myburgh (Voorsitster 2025/26)*



*Op die foto links: Welma Jurgens*

# Hilltop SAVM-produksie-veiling groot sukses

Hilltop SAVM het op Dinsdag, 23 Junie 2026 hul 12de jaarlikse produksieveiling op Heilbron aangebied, waar topgehalte SAVM-skape aan kopers beskikbaar gestel is.

Die duurste ram, Lot 30 (EJR250011), is vir R45 000 verkoop aan Ben Kotze van Belfast. Die gemiddelde prys vir stoetramme was R19 250, terwyl stoetooie met lammers gemiddeld R8 070 behaal het.

Die verkopers, Faans en Janie Pretorius, het hul waardering uitgespreek teenoor al die kopers, die Hilltop-span vir hul gasvryheid, asook Stiaan Smit en sy span vir die uitstekende aanbieding van die veiling. Die veiling is deur Jan Mostert van BKB behartig.

Die suksesvolle veiling getuig van die hoë gehalte genetika en die sterk belangstelling in Hilltop SAVM se teelmateriaal.




*Op die foto agter vl: Jan Mostert (BKB Afslaer), Ben Kotze en seuns: Benjamin & Francois Kotze (Kopers). Voor: Faans en Janie Pretorius (Verkopers). Foto erkening: Delareyz Smit*

**SENIOR GEOLOGIST**

**Qualified Geologist required for an underground mining operation in Barberton.**

**Requirements:**
- Degree in Geology
- Minimum 5 years of underground mining experience in Greenstone deposits
- Experience with steep mining methods
- Proficient in Datamine, MineSync, Romine and MicroStation
- Strong analytical, reporting, administrative and communication skills
- Ability to work independently and within a team

**Key Responsibilities:**
Provide geological and technical support, oversee grade control and sampling compliance, manage geological databases, conduct mine grade analysis, compile production and cost reports, and support mining optimisation projects.

Send your CV to:
**Dean@tarsistepgroup.co.za**

TARSISTEP group



# Fynproewers kuier gesellig saam

'n Roerbraai (of stir-fry) is 'n vinnige gaarmaakmetode van Asiatiese oorsprong waar klein, dun repies vleis en gekapte groente in 'n baie warm pan of wok vining gebraai word terwyl dit heeltyd geroer word. Dit behou die tekstuur en voedingstowwe, en word dikwels met asiatiese souse soos sojasous, brandrissiesous of Marina se tuisgemaakte sousie gegeur. Dit word bedien op 'n bed van noedels of witrys. Nou dit is presies waarvoor die Heilbron Fynproewers op Vrydagaand, 19 Junie bymekaar gekom het. Die aand is afgerond met peppermint crisp tert, gebakte sjokolade nagereg en tradisionele souskluitjies. Die volgende byeenkoms sal in Augustusmaand plaasvind.



*Dan Scholtz, Annatjie du Plessis en Suzie Scholtz.*



*Joanita en Neels Claasen, Julia Kruger, Heine en Sunè Pienaar.*

srk consulting | redcap

**Belanghebbende Deelnameproses**
**Omvangsbepalings- en Omgewingsimpakprosesse (S&EIR) vir die voorgestelde Riemland Windplaasontwikkeling, Heilbron, Vrystaat**
SRK Projek Nr: 611474

**Kennis word hiermee gegee van 'n gesamentlike deelnameproses ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 107 van 1998 (NEMA), die Nasionale Waterwet 36 van 1998 (NWA), die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne 25 van 1999 (NHRA), asook die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne 28 van 2002 (MPRDA):**

Projek: Red Cap Energy (Pty) Ltd, onder verskeie spesiale-doel-entiteite, naamlik Riemland Wind Farm 1 (Pty) Ltd, Riemland Wind Farm 2 (Pty) Ltd, Riemland Wind Farm 3 (Pty) Ltd, Riemland Wind Farm 4 (Pty) Ltd, en Riemland GridCo (Pty) Ltd (gesamentlik bekend as 'Riemland'), stel onderskeidelik voor om vier windplaasfasiliteite (WEFs) (Riemland Wind Farm 1, Riemland Wind Farm 2, Riemland Wind Farm 3 en Riemland Wind Farm 4) en geassosieerde kragnetwerkinfrastruktuur (Riemland Grid Connection) te ontwikkel naby Heilbron, Vrystaat, gesamentlik bekend as die 'Riemland Wind Farms Development'.

Ligging: 'n ~100 000 ha terrein naby Heilbron in die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit (Fezile Dabi Distriksmunisipaliteit) en die Nketoana Plaaslike Munisipaliteit (Thabo Mofutsanyana Distriksmunisipaliteit), Vrystaat.

Aansoek vir:

- Nege afsonderlike omgewingsmagtigings (EAs) ingevolge die NEMA Regulasies op Omgewingsimpakbepaling, 2014 (soos gewysig) vir gelyste aktiwiteite in Lyskennisgewing (LN) 1, LN 2 en LN 3, ingelig deur vyf afsonderlike S&EIR-prosesse wat parallel uitgevoer word.
- 'n Watergebruikslisensie kragtens Artikel 21 van die NWA;
- Goedkeuring kragtens Artikel 53 van die MPRDA; en
- Goedkeuring kragtens die NHRA.

Geleentheid om te registreer en kommentaar te lewer: Die **Omvangsbepalingsverslae** sal vanaf 26 Junie – 27 Julie 2026 vir openbare insette en kommentaar beskikbaar gestel word op SRK se webwerf, www.srk.com (via die 'Knowledge Centre'- en 'Public Documents'-skakels of met die QR-kode hier) en op die datavrye webwerf https://srk.datafree.co/en/public-documents/seirs-for-the-riemland-wind-farms-development. Gedrukte afskrifte van die verslae opsommings (in Engels, Afrikaans en Sesotho) sal ook beskikbaar gestel word by die Heilbron Openbare Biblioteek, Heilbron Polisiestasie, Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit (Parys) en Nketoana Plaaslike Munisipaliteit (Reitz).

SRK webwerf

Aanlyn Vorm

Belanghebbendes word uitgenooi om op die gesamentlike belanghebbendedatabasis te **registreer*** en **kommentaar te lewer teen 27 Julie 2026** deur SRK te kontak, deur die aanlynvorm in te vul wat via die SRK-webwerf of die QR-kode hier. Belanghebbendes moet aandui of hulle 'n belang het in sekere of al die Riemland Windplaasontwikkelingsprojekte, insluitend hul naam, kontakbesonderhede en enige direkte sake-, finansiële, persoonlike of ander belange.

SRK kontakpersoon: Yakira Naina by: ctpp@srk.co.za, Tel: (021) 659 3060; Postnet Suite #206, Privaatsak X18, Rondebosch, 7701.

***Slegs geregistreerde belanghebbendes sal in kennis gestel word van toekomstige geleenthede om kommentaar op toepaslike dokumentasie te lewer.** Deur as 'n Belanghebbende en Geaffekteerde Party te registreer, gee jy toestemming dat SRK jou persoonlike data mag verwerk vir die doeleinde om terugvoer vir die Omgewingsmagtigingsproses in te win en om jou van toepaslike inligting daaroor te voorsien.*

srk consulting | redcap

**STAKEHOLDER ENGAGEMENT PROCESS**
**Scoping and Environmental Impact Reporting (S&EIR) Processes for the Proposed Riemland Wind Farms Development, Heilbron, Free State**
SRK Project No: 611474

**Notice is hereby given of a Joint Stakeholder Engagement Process in terms of the National Environmental Management Act 107 of 1998 (NEMA), the National Water Act 36 of 1998 (NWA), the National Heritage Resources Act 25 of 1999 (NHRA) and the Mineral and Petroleum Resources Development Act 28 of 2002 (MPRDA):**

Project: Red Cap Energy (Pty) Ltd, under various Special Purpose Vehicles, namely, Riemland Wind Farm 1 (Pty) Ltd, Riemland Wind Farm 2 (Pty) Ltd, Riemland Wind Farm 3 (Pty) Ltd, Riemland Wind Farm 4 (Pty) Ltd and Riemland GridCo (Pty) Ltd (collectively referred to as 'Riemland') propose to develop four Wind Energy Facilities (WEFs) (Riemland Wind Farm 1, Riemland Wind Farm 2, Riemland Wind Farm 3 and Riemland Wind Farm 4) and associated grid connection infrastructure (Riemland Grid Connection) near Heilbron, Free State, collectively referred to as the Riemland Wind Farms Development.

Location: An ~100 000 ha site near Heilbron in the Ngwathe Local Municipality (Fezile Dabi District Municipality) and the Nketoana Local Municipality (Thabo Mofutsanyana District Municipality), Free State.

Applications for:

- Nine separate Environmental Authorisations (EAs) in terms of the NEMA Environmental Impact Assessment Regulations, 2014, as amended, for listed activities in Listing Notice (LN) 1, LN 2 and LN 3 informed by five separate S&EIR processes that are being run in parallel;
- A Water Use Licence in terms of Section 21 of the NWA;
- Approval in terms of Section 53 of the MPRDA; and
- Approval in terms of the NHRA.

Opportunity to register and comment: The **Scoping Reports** will be made available for public review and comment from 26 June - 27 July 2026 on SRK's website www.srk.com (via the Knowledge Centre' and 'Public Documents' links, or the QR code here) and on the data-free website https://srk.datafree.co/en/public-documents/seirs-for-the-riemland-wind-farms-development. Hard copies of the Executive Summaries (in English, Afrikaans and Sesotho) of the Scoping Reports will also be made available at the Heilbron Public Library, Heilbron Police Station, Ngwathe Local Municipality (Parys) and Nketoana Local Municipality (Reitz).

SRK's Website

Online Form

Stakeholders are invited to **register*** on the combined stakeholder database and **submit comments** on the Scoping Reports **by 27 July 2026**, by contacting SRK or by completing the online form accessed via the above websites or the QR code here. Stakeholders should indicate whether they have an interest in certain or all of the Riemland Wind Farms Development projects, and must include their name, contact details, and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have in the application(s).

SRK contact person: Yakira Naina at: ctpp@srk.co.za; Tel: (021) 659 3060; Postnet Suite #206, Private Bag X18, Rondebosch, 7701.

***Only registered stakeholders will be notified of future opportunities to provide comment on relevant documentation.** By registering as an Interested and Affected Party, you consent to SRK processing your personal data for the purposes of obtaining feedback for the EA process and to provide you with relevant information about it.*

srk consulting | redcap

**TSEBETSO YA TSHEBEDISANO LE BAAMEHI**
**Tekolo ya Sekgahla hodima Tikoloho (S&EIR) bakeng sa Marangrang a Phepelo ya Motlakase e sisintsweng ya Dipolasi tse Fehlang Motlakase ka Moya tsa Riemland Wind Farms Development, Heilbron, Freistata**
Nomoro ya Projeke ya SRK: 611474

**Mona ho fanoe ka tsebiso ea Tsebetso ya tshebedisano le baamehi ho latela wa 107 wa 1998 wa Taolo ya Tikoloho wa Naha (NEMA), Molao wa 36 wa 1990 wa Metsi wa Naha (NWA), Molao oa Lisebelisoa tsa Naha tsa Lefa la Naha oa 25 oa 1999 (NHRA) le Molao wa Ntshetsopele ya Diminerale le Petroliamo 28 wa 2002 (MPRDA):**

Projeke: Red Cap Energy (Pty) Ltd, tlasa Makoloi a mmalwa a Mabaka a Ikgethileng (Special Purpose Vehicles), e leng, Riemland Wind Farm 1 (Pty) Ltd, Riemland Wind Farm 2 (Pty) Ltd, Riemland Wind Farm 3 (Pty) Ltd, Riemland Wind Farm 4 (Pty) Ltd le Riemland GridCo (Pty) Ltd (ka kakaretso di bitsoa 'Riemland') e rerile ho ntshetsapele dipolante tse nne tsa matla a moea (Riemland Wind Farm 1, Riemland Wind Farm 2, Riemland Wind Farm 3 le Riemland Wind Farm 4) le meralo ya motheo e amanang le kgokelo ya marangrang a motlakase (Riemland Grid Connection) haufi le Heilbron, Foreisetata, tse ka kakaretso di bitswang 'Riemland Wind Farms Development'.

Sebaka: Sebaka sa ~100 000 ha haufi le Heilbron Masepaleng wa Lehae wa Ngwathe (Masepaleng wa Lebatowa wa Fezile Dabi) le Masepaleng wa Lehae wa Nketoana (Masepaleng wa Lebatowa wa Thabo Mofutsanyana) Freistata.

Dikopo bakeng sa:

- Ditumello tse robong tse ikemetseng tsa Tikoloho (EA) ho ya ka Melaoana ya NEMA ya EIA, 2014 jwalo ka ha e fetotswe; bakeng sa diketso tse thathamisitsoeng ho Listing Notice (LN) 1, LN 2 le LN 3 tse thehioeng hodima ditshebetso tse hlano tse ikemetseng tsa S&EIR tse tsamaiswang ka nako e nngwe.
- Laesense ya Tshebediso ya Metsi ho latela mesebetsi ya NWA;
- Kamohelo ho latela Karolo ya 53 ya MPRDA; le
- Kamohelo ho latela NHRA.

Monyetla wa ho ngodisa le ho fana ka ditshwaelo: **Dipego tsa Scoping** di tla fumaneha bakeng sa tlhahlobo le ditshwaelo tsa sechaba websaeteng ya SRK www.srk.com (ka ho kena ho dilenke tsa 'Knowledge Centre' le tsa 'Public Documents' kapa ka khoutu ya QR), le webosaeteng e sa sebetseseng di data https://srk.datafree.co/en/public-documents/seirs-for-the-riemland-wind-farms-development, ho tloha ka di **26 Phuptjane ho isa ho 27 Phupu 2026**. Dikopi tse hatisitsweng tsa Dikakaretso tse Kgutshwane (Executive Summaries) tsa Dipego tsa Scoping (ka Senyesemane, Afrikaans le Sesotho) di tla fumaneha ho Heilbron Public Library, Heilbron Police Station, le diofising tsa Ngwathe Local Municipality (Parys) le Nketoana Local Municipality (Reitz).

SRK websaeteng

Foromo ea Inthaneteng

Batho ba nang le seabo ba memeloa ho **ingodisa*** polokelong e kopantsweng ya dintlha tsa batho ba nang le seabo le ho fana ka **ditshwaelo** ka Dipego tsa Scoping **pele ho la 27 Phupu 2026** ka ho ikopanya le SRK kapa ka ho tlatsa foromo ya inthanete e fumanehang diwebosaeteng tse hodimo kapa khoutu ya QR. Batho ba nang le seabo ba tswanetse ho bontsa hore na ba na le thahasello mererong e meng kapa merero yohle ya Riemland Wind Farms Development, me ba tlameha ho kenyeletsa mabitso a bona, dintlha tsa puisano, le pontso ya thahasello efe kapa efe e tobileng ya kgwebo, ya ditjhelete, ya botho, kapa e nngwe eo ba nang le yona dikopong.

Moikarabelli wa SRK: Yakira Naina; ctpp@srk.co.za; (021) 659 3060; Postnet Suite #206, Private Bag X18, Rondebosch, 7701.

***Ke batho ba nang le seabo feela ba ngodisitsweng ba tla tsebiswa ka menyetla e tlang ya ho fana ka ditshwaelo ka ditokomane tse amehang**. Ka ho ingodisa jwalo ka Motho a Thahasellang le a Amehang, o dumela hore SRK e sebedise dintlha tsa hao tsa botho ka sepheo sa ho fumana tlaleho bakeng sa tshebetso ya Tumello ya Bolaodi ba Tikoloho (EA) le ho o fa tlhahisoleseding e e amehang ka yona.*

**Annexure 2**

## Electoral Commission

NOTICE OF APPLICATION FOR REGISTRATION OF A POLITICAL PARTY IN TERMS OF SECTION 16(1)(A) OF THE ELECTORAL COMMISSION ACT, 1996 (ACT 51 OF 1996)

1. Notice is hereby given that the Proudly Metsimaholo (*name of party*) is applying for the registration in terms of the Electoral Commission Act, 1996 (Act No. 51 of 1996)
2. Date on which the application will be or has been submitted to the Chief Electoral Officer: 10 July 2026
3. The abbreviation of the name of the party is ~~/ There is no abbreviation of the name of the party~~ (*delete that which is not applicable*) PM
4. The distinguishing mark or symbol of the party is printed underneath.

PROUDLY METSIMAHOLO
CRAFTING A BRIGHTER FUTURE TOGETHER

5. Anyone wishing to raise an objection against the intended registration must do so by written notice in which are set out the grounds for the objections and which must be delivered at the office of the Chief Electoral Officer within fourteen days after the publication of this notice.

# KENNISGEWINGS

## LOST TITLE DEED

Notice for publication in terms of Section 68 of the Deeds Registries Act 47 of 1937

Notice is hereby given that, in terms of the provisions of Regulation 68 (1) of the Deeds Registries Act, 1937, it is the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T1327/2015** passed by:

The Liquidators of
**MAKSPRO EEN PROPRIETARY LIMITED**
(IN LIQUIDATION)
REGISTRATION NUMBER: 2001/017386/07
Number G656/2013
In favour of:
**CILLIERS CATTLE RANCHES PROPRIETARY LIMITED**
REGISTRATION NUMBER: 2001/028865/07
In respect of the following property:
ERF 1583 DENEYSVILLE EXTENSION 3
DISTRICT HEILBRON
PROVINCE FREE STATE
MEASURING 1619 (ONE THOUSAND SIX HUNDRED AND NINETEEN)
SQUARE METRES

All interested parties who have any objection to the issue of such copy are hereby called upon to lodge such objection in writing with the Registrar of Deeds: FREE STATE at BLOEMFONTEIN, situated at New Government Building, Corner of Aliwal Street and Nelson Mandela Drive, Bloemfontein, 9301, within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at BLOEMFONTEIN on

CILLIERS CATTLE RANCHES PROPRIETARY LIMITED

**ESTHE MULLER INC**
**85 GENERAL HERTZOG ROAD,**
**THREE RIVERS, VEREENIGING**
**016 423 2920**

Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.


HEILBRON EIENDOMME

**Annelize: 082 331 9856**
**Jolandri: 079 846 1075**
Kerkstr. 40 | Heilbron
Tel: 058 852 2035/6/7

FOR RENT
TE HUUR:
3 Slaapkamer huis:
dadelik beskikbaar vir **R5 800** per maand.

FOR SALE
3 UITSTEKENDE BELEGGINGS GELEENTHEDE
1. ~~Woonstelblok met 5 woonstelle.~~
2. Woonstelblok met 6 woonstelle en 2 besigheidspersele ingesluit.
3. Kommersiële besigheidsperseel.

KONTAK AGENTE VIR MEER INLIGTING OF BESIGTIGING.



**BESIGHEIDSURE**
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, Heilbron
058 853 0006
POSTNET HEILBRON



STROOP VAN SOJAS

PAUL KEOGH
071 363 4129



SELF-INKING STAMPS

SELF-INKING DATER STAMPS
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National


# FOTOSTATE

**Swart / Black**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

**Volkleur / Colour**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

## WINKELURE

**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National


GROOTWILDJAGTERS!

HIER IS JOU KANS VAN 'N LEEFTYD OM 'N BUFFELBUL OF EEN VAN ONDERSTAANDE PRYSE TE WEN.

SLEGS R500



7 PRYSE WAT GEWEN KAN WORD:
- 1 x Buffelbul (2 Persone) - 2 x Nagte Selfsorg - African Frontier Safaris, Ellisras
- 1 x Blouwildebees, 1 x Rooibok, 1 x Vlakvark (2 Persone), 2 Nagte Selfsorg - African Frontier Safaris, Ellisras
- 2 x Rooibokke (2 Persone) - 1 Nag Selfsorg - African Frontier Safaris, Heilbron
- 4 x Blesbokke (Dagjag) - AREA: Heilbron
- 3 x Blesbokke - (2 Persone) - 1 x Nag Selfsorg - AREA: Heilbron
- 3 x Blesbokke - (Dagjag) - AREA: Heilbron
- 3 x Blesbokke, 1 x Springbok - 2 Nagte (8 Persone) Selfsorg - AREA: Francolin Creek, Heilbron

PRYSE TER WAARDE VAN ± R250 000

Kaartjieverkope sluit 31 Julie 2026 en wenners word op 3 Augustus 2026 aangekondig. Van Rensburg Rekenmeesters monitor die trekking.

Alle jagte moet afgehandel word voor 30 September 2026.

NG KERK MOEDERGEMEENTE, HEILBRON • FONDSINSAMELINGSPROJEK
Navrae: • Annari 082 224 8741 • Kerkkantoor 058 852 1615



POSTNET HEILBRON
COLLECTION & DELIVERY
Between Heilbron And The Vaal Triangle
EVERY MONDAY, WEDNESDAY & FRIDAY
R150 per parcel
SASOLBURG
VEREENIGING
VANDERBIJLPARK

BETWEEN MEYERTON AND HEILBRON @ R200 PER PARCEL
heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078


# SMALLS

# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com



**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron



DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

Vir enige nuus en advertensies vir die
**Heilbron Herald**
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

HERALD Sport

# Heilbron-leerders gekies vir Barbarians O/16-span

Twee trotse leerders van Hoërskool Heilbron, Ernest Scheepers en Piet Motthebe, het die besondere voorreg ontvang om van 29 Junie tot 1 Julie vir die Barbarians O/16-rugbyspan uit te draf.

Die talentvolle spelers is gekies as deel van 'n span wat bestaan uit spelers van verskeie skole in die streek, waaronder Wilgerivier, Bothaville, Reitz, Heilbron en Ficksburg. Die span bied aan jong rugbyspelers die geleentheid om hul vaardighede teen sterk opposisie te meet en waardevolle ervaring op te doen.

Die Barbarians-span staan onder leiding van Pieter Bronkhorst, bestuurder van VKB Heilbron, wat as hoofafrigter optree. Hy word ondersteun deur 'n afrigtingspan wat bestaan uit 'n agterlyn-afrigter en voorspelers-afrigter om die spelers optimaal voor te berei.

Die skolegemeenskap wens Ernest en Piet alle sterkte toe vir die komende wedstryde en is trots op hul prestasie. Hul insluiting in die Barbarians-groep is 'n bewys van hul harde werk, toewyding en talent op die rugbyveld.




# Wind en weer kon Heilbron nie keer nie



Ten spyte van nat en koue toestande het die spelers van die Heilbron Rolbalklub hul staal gewys tydens die Noord-Vrystaat Parekampioenskappe.

Die Noord-Vrystaat Streek (NFS) bestaan uit drie streke, naamlik Riemland, Valsrivier en Goudveld. Altesaam 16 spanne het aan die kampioenskap deelgeneem, waarvan drie spanne Heilbron Rolbalklub verteenwoordig het.

Die Heilbron-dames het uitstekend gevaar en met silwer- én bronsmedaljes weggestap en gewys dat hulle n sterk krag in die Noord Vrystaat is.

By die mans het Jurie Jonker en Edward Muller die klub se naam hoog gehou deur 'n bronsmedalje te verower.

Hoewel die weerstoestande uitdagend was, met reën en koue wat die spelers behoorlik getoets het, het dit nie die deelnemers se geesdrif en vasberadenheid gekeer nie. Die Heilbron Rolbalklub kan trots wees op sy spelers se prestasies en die wyse waarop hulle die dorp verteenwoordig het.



*Op die foto vl: Linda van Caspel en Bianca Keeve (Kroonstad Rolbalklub - Wen goud), Sonja Muller en Hannalie Claassen (Tweede), Tracy Jacobs en Elna Steyn (Derde) van Heilbron Rolbalklub.*



*Edward Muller en Jurie Jonker het Heilbron se naam hoog gehou deur 'n brons medalje te verower.*

BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae:
09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006
POSTNET

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 29 JUNIE 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
WOENSDAG - 1 JULIE 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
GROENVLEI Maandelikse veiling
Kontak Molie Mentz 083 229 2500
TRICHARDT: HIRSAW LIVESTOCK BOVELDER PRODUKSIEVEILING
11:00, Grootvlei
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038
DONDERDAG - 2 JULIE 2026
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
DUNDEE Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 567 2223
KROONSTAD: TOVIC BRANGUS
11:00, plaas Wonderfontein
Kontak Piet Wessels 082 857 7827
VRYDAG - 3 JULIE 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald
Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron
Herald

Vir die stroop van Mielies en Sojas



Koos Engelbrecht
082 388 2277

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING